# Resensies / Reviews


Klapwijk, Jacob. 2010. **Dialetic of Enlightenment: critical theory and the messianic light.** Eugene: Wipf & Stock. (*R. Coletto*) ........ 901

Francis, Dennis, Mahlomaholo, Sechaba & Nkoane, Milton, *eds*. 2010. **Praxis towards sustainable empowering learning environments in South Africa.** Bloemfontein: Sun Press. (*J.L. van der Walt*) ........ 903

Stijn, Das, *red*. 2009. **Hendrik M. Goudappel "reader" over de urbanistiek en planologie.** Bloemfontein: Sun Press. (*C.B. Schoeman*) ........ 905

Schoeman, Karel. 2009. **Handelsryk in die Ooste: die wêreld van die VOC, 1619-1685.** Pretoria: Protea Boekhuis. (*A. Wessels*) ........ 906

Wessels, André. 2010. **A century of postgraduate Anglo-Boer War (1899-1902) studies.** Bloemfontein: Sun Press. (*N. Stassen*) ........ 908

Schoeman, Karel. 2010. **Die Bosmans van Drakenstein: persoonlike dokumente van die familie Bosman van Drakenstein, 1705-1842.** Pretoria: Protea Boekhuis. (*A. Wessels*) ........ 910

Barnard, Leo, *gasred*. 2009. **Grensoorlog/Border War 1966-1989. Deel 2.** Bloemfontein: Sun Press. (*G. Bentz*) ........ 912

## Resensies / Reviews

# Neo-Marxism and neo-Calvinism

**Klapwijk, Jacob.** 2010. **Dialetic of Enlightenment: critical theory and the messianic light.** Eugene: Wipf & Stock. xiv + 109 p. Price: $15,00. ISBN: 1-978-1-60899-701-5.

**Reviewer**: R. Coletto
School of Philosophy, Potchefstroom Campus,
North-West University

Jacob Klapwijk is a well-known scholar in the neo-Calvinist tradition, Professor Emeritus at the Philosophy Department of the Free University in Amsterdam. This book was originally published in 1976. It focuses on neo-Marxism, a movement that was then very strong and popular, but, nowadays, it seems to face difficult times in the relativist and market-driven context in which we live.

One might even wonder whether reflecting on those issues of the 1970s is still relevant today and, as a consequence, whether the book is still worthwhile reading. Admittedly, after the 1970s there were many new developments within neo-Marxism. In my opinion, however, the book still shows its relevance even 40 years later. But let us begin from the beginning ...

What is meant by the “dialectic of Enlightenment”? First of all it is the title of a famous book by Horkheimer and Adorno (1947). What the phrase implies, however, is that the aspirations of the Enlightenment (the “century of the lights”) have turned out to be illusory.

The Enlightenment relied on the light of Reason in order to free humankind into a new maturity, towards a disenchanted world in which progress and justice would be finally possible. But then, argued Adorno and Horkheimer, the “dialectics” came in and the new dream revealed itself as a myth. In its attempt at controlling nature, reason ended up controlling human beings and stifling their own freedom.

(Those who are familiar with Dooyeweerd's analysis of the "nature and freedom" motif, will realise the convergence between the two schools on this theme.)

The Frankfurt School (on which Klapwijk's book focuses) did realise the failure of the rationalist project and has desperately tried to provide an alternative via its own analysis of politics, science, religion, art and so forth. In this analysis the School has distanced itself from the Enlightenment but also, to a large extent, from classical Marxism (although the latter is not a rationalist movement).

In his perspective, Klapwijk analyses with competence and precision the philosophies of Horkheimer, Adorno, Marcuse and Habermas (without forgetting a brief preliminary introduction to the Enlightenment, Hegel and Marx).

One surprising element emerging from this analysis is that, with Adorno for example, a point is reached (in his *Minima moralia)* where the need for a "light from outside" is recognised. The need for a kind of "redemption" is considered for a period, while in Horkheimer a "religious yearning" is also unearthed and the "hope principle" (which was elaborated by many German theologians), creates a further bridge for a dialogue with christian philosophy.

Unfortunately, these routes are often only mentioned by the authors of the Frankfurt School and not pursued further. Klapwijk's (diagnostic) point of view is that the "critical theory" of the Frankfurt School has not been critical enough, that it kept relying on reason while failing to realise that rationality itself is linked to an underlying "faith" in (or fundamental commitment to) what Dooyeweerd called "the pretended autonomy of theoretical thought".

Of course Klapwijk has sketched here only the preliminary basis for a dialogue. From the 1970s, as already mentioned above, there were further developments within neo-Marxism (especially with Habermas). It is interesting to know, however, that Klapwijk himself never abandoned this dialogue (cf. Klapwijk, J. 2000. A la recherche d'une philosophie ouverte: Herbert Marcuse et le néo-marxisme. *Hokhma*, 25(3):1-15).

More in general, neo-Calvinism has never abandoned its interest for neo-Marxism. I have in mind for example the contributions of Van der Hoeven on Marx, Popta on Sovietic Socialism, Wolterstorff on Liberation Theology, Zuidervaart on Adorno and so on. Klapwijk's

book is therefore part of a broader contribution and dialogue, but it retains its own special place in this ongoing interaction.

The value of the book, even 40 years later, lies in the fact that it is written from an original point of view but also in its detailed and reliable analysis. It will help any reader to understand better this specific School of thought which may be facing several challenges in the present but is still quite influential in our cultures. It will also help the christian reader in particular to find unexpected connections between neo-Marxism and the "messianic light".

# Sustainable empowering learning environments

**Francis, Dennis, Mahlomaholo, Sechaba & Nkoane, Milton, *eds*.** 2010. **Praxis towards sustainable empowering learning environments in South Africa.** Bloemfontein: Sun Press. 352 p. Price: R275,00. ISBN: 978-1-920383-07-7.

**Reviewer**: J.L. van der Walt
Department of Comparative Education,
Potchefstroom Campus, North-West University

According to the back cover, the collection of articles contained in this volume presents

> ... some of the best peer-reviewed papers from a conference with the theme *Creating sustainable empowering learning environments through scholarship of engagement*. This conference was held from 20 to 21 August 2009 at the Potchefstroom Campus of the North-West University in South Africa. Over 110 papers were presented, out of which 20 were selected for this publication based on a rigorous blind peer-review process. The main criterion for inclusion was that the paper should contribute to the theme by means of an original, tight, theoretical and empirical study conducted with the aim of informing the practice of creating sustainable empowering learning environments.

This brief background sketch explains the structure of the book. Its 352 pages embody twenty articles covering the entire spectrum of educational practice, ranging from Grade R (chapter 10), through grade 12 (chapter 18) to university education (chapters 1 and 4), and from the situation in South Africa (the majority of the articles) to

that in other countries (Botswana, chapter 20). It covers a wide range of topics, including collaborative research, empowering learning environments, teacher research, self-directedness in learning, self-regulated learning, assessment procedures, experimental teaching strategies, scholarship of engagement, mother-tongue teaching, marginalised children, outcomes-based education, psychological assessment, sexuality education, school management, readiness for higher education, multicultural learning environments, service intervention, economic responsiveness, learning styles – to mention only the main rubrics.

The underlying tenor of the publication is empowerment and scholarship of engagement. Most of the articles therefore focus on empowerment of marginalised target groups and the provision of sustainable empowering learning environments. Some articles also attend to the underlying methodology, namely critical theory, mainly in its South African post-struggle form. The book contains two parts that come in handy for understanding not only its structure but also its purpose. It begins with an Overview in which the editors briefly explain the purpose of the publication, and then proceed to a brief summary of each of the contributions. This is helpful, given the diversity of the contributions that follow thereafter. The first chapter, authored by one of the editors (Mahlomaholo), also explains much of the rationale for putting together a publication of this nature.

In my opinion, a purchaser of the book will not read it from cover to cover, but will select certain topics and chapters that appeal to him/her. The contents of the book is too wide-ranging for a thorough study of every chapter. Put differently, I expect only readers interested in the topic of how to help marginalised target groups to become part of mainstream education in a sustainable manner will read every chapter. For the rest, I think readers might be interested in particular chapters, depending on their own fields of specialisation. This does not detract from the fact that I think the peer reviewers and the editors had done a good job in selecting these twenty articles for inclusion. Each of them is interesting and important in its own right. It is just that the diversity is just too wide for reading through the entire book.

The book is well-bound with an attractive green paperback cover. I would recommend buying the book and keeping it on a shelf near the computer for future reference, especially when researching the problem of marginalisation. This collection offers many an example of how the problem can be addressed in a more or less sustainable manner.

# Uitdagings van ruimtelike integrasie, urbanistiek, vervoer en die omgewing

**Stijn, Das, *red*.** 2009. **Hendrik M. Goudappel "reader" over de urbanistiek en planologie.** Bloemfontein: Sun Press. 227 p. Prys: R200,00. ISBN: 978-1-920383-02-2.

**Resensent**: C.B. Schoeman
Vakgroep Stads- en Streeksbeplanning,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Die outeur bied in hierdie werk 'n versameling aan van die bydraes, benaderings en vertrekpunte van die werk van Hendrik M. Goudappel. Dit bestaan uit toepaslike onderwerpe oor artikels wat Goudappel binne die tema van die urbanisme gepubliseer het vanaf 1960 tot 1999. Daar word klem gelê op die rol wat begrippe binne verkeersordening, infrastruktuur, superstruktuur en ideologiese struktuur vervul in die beplanning en ontwikkelingsdenke. Die hantering van hierdie onderwerpe dui daarop dat menslike denke (en dus beplanning en ontwikkeling in die algemeen) deur die konkrete werklikheid, prosesse en idees en/of denkbeelde gerig word. Die hoofbydrae van Goudappel handel egter met die ontwikkeling van die urbanistiekkonsep. Sowat veertien van die bydraes van Goudappel in Nederlands is by die werk ingesluit.

Hierdie werk het wel meriete indien dit streng beoordeel word aan die hand van die onderwerp waarmee gehandel word en die redes wat die outeur vir die saamstel van die bundel verskaf. Die motivering vir die noodsaaklikheid om die werk te publiseer en die begrippe en konsepte aan die breër beplannings- en ontwikkelingsgemeenskap bekend te stel, lewer 'n besliste bydrae tot 'n alternatiewe benadering vir die komplekse ontwikkelingswerklikheid wat in Suid-Afrika bestaan. Dit moet egter gekwalifiseer word dat dit 'n spesifieke siening oor die begrippe en onderwerpe is wat hanteer word. Indien dit binne die konteks van ander teorieë en samelewingswerklikhede beskou word, lewer dit 'n bydrae om die Suid-Afrikaanse lewens- en werklikheidbeskouings, wat sterk kultuurgedrewe is, uit 'n alternatiewe oogpunt te verstaan.

Die werk behoort besondere ondersteuning te vind by professionele persone wat in die bou-omgewing, ontwikkelingsekonomie, ruimtelike beplanningsteorie, openbare bestuur, politieke wetenskap en

vakfilosofie betrokke is. Die feit dat die werk slegs in Afrikaans en Nederlands gepubliseer is, mag die aantal lesers wat in die onderwerp belangstel, beperk.

Soos reeds vermeld, bestaan die werk uit ’n versameling reeds gepubliseerde artikels van Goudappel. Die Suid-Afrikaanse ruimtelike werklikheid bestaan uit ’n samestelling van werklikhede wat nie so homogeen is as wat dit in Europa bestaan nie. Die ontwikkeling van die gefragmenteerde stad as gevolg van politieke stelsels wat in die verlede ontwikkeling gerig het, is op die beginsel van ruimtelike skeiding van mense afgestem. Hierdie struktuur is na sewentien jaar se demokrasie nog steeds nie geïntegreer nie. Die werk van Goudappel lewer egter wel ’n bydrae deur uit ’n ander vertrekpunt na hierdie uitdaging te kyk. Tesame met ander beskouings en benaderings kan dit ’n bydrae lewer om die uitdagings van ruimtelike integrasie, urbanistiek, vervoer en die omgewing in konteks te verstaan.

# Nederland in die Ooste

**Schoeman, Karel.** 2009. **Handelsryk in die Ooste: die wêreld van die VOC, 1619-1685.** Pretoria: Protea Boekhuis. 351 p. Prys: R300,00. ISBN: 978-1-86919-270-9.

**Resensent**: A. Wessels
Departement Geskiedenis,
Universiteit van die Vrystaat

Wanneer die geskiedenis van Suid-Afrika bestudeer word, is dit vanselfsprekend dat die geskiedenis in historiese konteks beoordeel moet word – in die eerste plek binne die konteks van die geskiedenis van die Afrika-kontinent, maar dan ook in die breër konteks van die wêreldgeskiedenis. Verder is dit belangrik dat die wortels van eietydse vraagstukke tot by hulle oorsprong nagespeur word – iets wat baie ver in die verlede kan terugstrek. Daar is altyd ook ’n kernvraag om weer en weer na te vors en te beantwoord, naamlik Op watter wyse het die multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing tot stand gekom en deur die eeue heen ontwikkel, en wat is die gevolge daarvan? Daarmee saam is dit ook belangrik om te weet wat is die grondslae van ons samelewing en wat is die verband met ontwikkelings in ander wêrelddele.

In ’n tydvak waar die klem op sogenaamde “eietydse geskiedenis” val, is dit verblydend dat iemand soos Karel Schoeman voortgaan

om die grondslae van ons samelewing na te vors en aan die breër publiek bekend te stel. Dít doen hy op sy kenmerkend voortreflike wyse in *Handelsryk in die Ooste: die wêreld van die VOC, 1619-1685*, die tweede van vyf tekste in die reeks, "Kolonie aan die Kaap", oor die vroeë blanke vestiging aan die Kaap.

Schoeman beskryf die "ontdekking" van die roete na die Ooste (hoofstuk 1), die totstandkoming en bestuur van die Verenigde Oost-Indische Compagnie (VOC) se uitgebreide handelsnetwerk in die gebied van die Indiese Oseaan in die sewentiende eeu (hoofstukke 2, 3 en 4), en beskryf dan 'n aantal handelsposte in detail: Ceylon (die huidige Sri Lanka), Malabar aan die weskus van Indië (hoofstuk 5), meer spesifiek Galle (op die eiland Ceylon) en Kotsjin (aan die suidweskus van Indië) (hoofstuk 6). Die hoogtepunt in die VOC se bestaan (omstreeks 1685) word in hoofstuk 7 belig, en 'n afsonderlike hoofstuk word aan die beskrywing van die retoervloot gewy (hoofstuk 8). In Hoofstukke 9, 10, 11 en 12 word die "Indische wêreld" in meer besonderhede bespreek, met die klem op Batavia (die VOC se administratiewe hoofstad in die Ooste). Die hoogs omstrede kwessie van slawehandel kry ook aandag. Wat laasgenoemde betref, word onder meer gelet op die invloed wat dit op die lewe aan die Kaap gehad het.

Vir die meeste Suid-Afrikaanse lesers – wat waarskynlik min of geen kennis van die VOC het – bied *Handelsryk in die Ooste* besonder baie insig en word die stigting van die verversingspos aan die Kaap in 1652 in konteks geplaas. Die boek verskaf ook internasionale perspektiewe deurdat die wedywering tussen die destydse groot seevarende moondhede (Engeland, Frankryk, Portugal en Nederland) beskryf word, insluitend hulle pogings om vastrapplek in verskillende oosterse gebiede te bekom en die soms bloedige stryd om monopolieë in die handel met kosbare produkte soos speserye, tekstiel en porselein te verkry. (Tot soveel as 200 000 stukke porselein is jaarliks na Nederland verskeep.) Wie suksesvol was, het skatryk geword. Daarvan getuig die swierige lewenstyl van die amptenary en handelaars met hulle kosbare en modieuse oosterse meubels en tapyte. Natuurlik het onreëlmatighede/korrupsie/oneerlikheid ook voorgekom. Dit is fassinerende leesstof, met veel stof tot nadenke.

Soos al Schoeman se ander historiese werke, getuig ook hierdie boek van goeie navorsing. In hierdie verband kan onder meer na die eindnote en bronnelys verwys word. Daar is ook 'n handige register en twee kaarte wat help om die leser geografies te oriënteer. Indien afdrukke van skilderye en ander illustrasies ingevoeg is (byvoor-

beeld van skepe en van plekke in die Ooste waarna verwys word), sou dit die waarde van die boek nog verder verhoog het.

*Handelsryk in die Ooste* verskaf waardevolle kultuurhistoriese agtergrond oor die VOC se uitgebreide ryk en belange (waarvan die Kaap aanvanklik slegs 'n klein onderdeel was). Die boek kan met groot vrug gelees/bestudeer word deur enigiemand wat in die vroeë geskiedenis van Suid-Afrika belangstel. Dit is egter ook bedoel vir persone wat die Suid-Afrika van vandag beter wil begryp. Eietydse geskiedenis is immers, streng gesproke, enige geskiedenis wat op watter wyse ook al lig werp op die huidige samestelling en dinamika van watter samelewing ook al. In die huidige geglobaliseerde wêreldkonteks is dit belangrik om in gedagte te hou dat die Nederlanders meer as drie eeue gelede eens 'n "globale" handelsryk gevestig en bedryf het.

# Major contribution to the historiography of the Anglo-Boer War

**Wessels, André.** 2010. **A century of postgraduate Anglo-Boer War (1899-1902) studies.** Bloemfontein: Sun Press. 205 p. Price: R225,00. ISBN: 978-1-920383-09-1.

**Reviewer**: N. Stassen
Department Historical & Heritage Studies,
University of Pretoria

This publication, a comprehensive list of all postgraduate studies on any conceivable aspect of the Anglo-Boer War, was compiled in the course of almost 30 years. No effort has been spared in trying to ensure that the list is as complete and correct as possible. In addition to source lists, footnotes and endnotes in numerous publications, finding aids and databases at universities, academic colleagues and relevant people across the globe were consulted to compile this list. This publication is a logical extension of a work the author published in 1987: *Suid-Afrikaanse verhandelinge en proefskrifte oor die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog: 'n bronnestudie* (HSRC, Pretoria).

In chapter 1 a brief background history of the war, as well as a historiography of the postgraduate studies on the war, is given.

The author identified 139 Master's and 84 Doctoral studies that focus exclusively on the war, as well as 125 Master's and 212 Doctoral studies that deal to some extent with the conflict. Statistical data are provided and interpreted in chapter 2.

Two lists are provided, comprising all 560 Anglo-Boer War studies completed in the century between 1908 and 2008. If a study has subsequently been published in book form, information about this is also provided.

In chapter 3 the first list is arranged by country of origin (seventeen countries of origin as well as "other countries"). Background information regarding each country's involvement in this conflict is also provided. It would come as a surprise that no postgraduate studies completed in other African countries are listed although the war did have an impact on South West Africa (Namibia), Bechuanaland (Botswana), Rhodesia (Zimbabwe), Swaziland, Lesotho and Mozambique. It would come as an even bigger surprise that not so many studies that deal exclusively with the war were undertaken at universities in the United Kingdom (sixteen studies), compared with 113 at South African universities, 49 at American universities, and even twelve at Canadian universities. The fact that it was only number 226 out of 230 conflicts during Queen Victoria's long reign probably accounts partly for this.

In the last chapter (chapter 4) all of these studies are listed once again, but this time thematically in 22 topics as well as "other topics". Fields which have not yet been researched are indicated. This reviewer feels there is some scope for refinement of the "other topics", by listing some of these studies under "The war and the wider world" (already listed as a topic), "The impact of the war on British society" or even the impact of the war on the four South African states (the South African Republic, the Orange Free State and the two British Colonies). In rigidly dividing the studies under topics, there is also the possibility of some overlap which was not accounted for.

Seven appendices and a source list conclude this publication.

This reviewer can only concur with two views expressed in the publisher's blurb on the back cover, viz. that this publication is "a major contribution to the historiography of the Anglo-Boer War" by Prof. Fransjohan Pretorius and "an absolutely invaluable digest of the wealth of postgraduate work on the South African [Anglo-Boer] War" by Prof. Ian Beckett.

Normally, proofreading bibliographic lists brings out the best or the worst in any proofreader. In the case of this publication the standard of proofreading is exceptionally high. Ms Alice de Jager, who was responsible for the copy-editing of the text, and the proofreader(s) who is not mentioned per se, are to be commended for their excellent work.

The publisher is to be commended for publishing a work which, because of its elitist nature, will not find a mass market but nevertheless is a work of extraordinary scope.

The author's Preface mentions "students, historians, and other academics and scholars, as well as other researchers and anyone interested in the history of the Anglo-Boer War" as possible readers of this publication, a view with which this reviewer can only agree.

Although no effort has been spared in trying to ensure the completeness of the lists, this reviewer could detect, after considerable effort, two minor omissions in the text. A study for the Master's degree at the Université François Rabelais in Tours by Johanna E.T. Steyn, *Les Boers dans la littérature française* (1993) has not been included.

Secondly, the Doctoral study of L.J.S. Changuion, *Arbitrasie of bemiddeling? Die rol van die Verenigde State van Amerika in die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (1982), is included in the text but the fact that it has subsequently been published as *Uncle Sam, Oom Paul en John Bull: Amerika en die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (Protea Boekhuis, Pretoria, 2001) is not mentioned.

# Insiggewende egodokument

**Schoeman, Karel.** 2010. **Die Bosmans van Drakenstein: persoonlike dokumente van die familie Bosman van Drakenstein, 1705-1842.** Pretoria: Protea Boekhuis. 395 p. Prys: R250,00. ISBN: 978-1-86919-384-3.

**Resensent**: A. Wessels
Departement Geskiedenis,
Universiteit van die Vrystaat

Egodokumente (met ander woorde, dokumente van 'n persoonlike aard soos dagboeke, herinneringsgeskrifte en briewe) is belangrike bronne van inligting vir die historikus (asook vir die geskiedenisstu-

dent en geskiedenisnavorser in die algemeen). Behalwe dat hierdie tipe bronne soms inligting bevat wat nêrens anders gevind sal word nie, word die leser ook by die lees van egodokumente so naby as moontlik aan die gees en atmosfeer van ’n bepaalde tydvak gebring. Uiteraard is egodokumente gewoonlik baie persoonlik van aard en dus ook subjektief. Dit moet gevolglik met omsigtigheid hanteer word en die inligting wat daarin vervat is, moet so ver moontlik aan die hand van ander bronne bekragtig word.

Egodokumente is nie altyd maklik bekombaar nie en boonop is dit meestal in die oorspronklike handskrif van die opsteller (byvoorbeeld dagboekskrywer/-skryfster of briefskrywer/-skryfster). Om sommige handskrifte te ontsyfer, is op sigself geen geringe taak nie. Wêreldwyd is daar dus historici en ander kundiges wat egodokumente transkribeer en dan publiseer ten einde dit aan ’n wyer gehoor bekend te stel. Sodanige dokumente moet verkieslik in gepubliseerde formaat ook geredigeer en geannoteer word, met ander woorde deur verklarende aantekeninge of notas belig word, ten einde die teks nog beter vir die leser te ontsluit. Gewoonlik word die tekste ook van ’n inleiding voorsien.

Dít alles het Karel Schoeman op voortreflike wyse gedoen met ’n seleksie uit ’n versameling dokumente wat met die Bosman-familie van die Drakensteinvallei verband hou. In 1707 is die Nederlander, Hermanus Bosman (1682-1769) as sieketrooster van die gemeente Drakenstein aangestel. Hy is getroud met die dogter van ’n Franse vlugteling, en in die loop van die volgende sowat 100 jaar het hy en sy afstammelinge vooraanstaande inwoners van die distrikte Paarl en Stellenbosch geword. *Die Bosmans van Drakenstein* bevat transkripsies van ongeveer 100 briewe, ander persoonlike geskrifte, gedigte en dokumente uit 1705 tot 1842 wat met hierdie familie verband hou. Die gepubliseerde egodokumente was die werk van 24 individuele skrywers: dertien mans en elf vroue.

Onder die getranskribeerde, gepubliseerde dokumente is die lang verslag van Hermanus Bosman se siekte en dood, wat deur sy dogter, Elizabeth, opgestel is, asook die korrespondensie tussen sy dogter, Susanna, en die Nederlandse predikant Theodorus van der Goe, 1749-1751. Uit die gepubliseerde dokumente blyk die Bosman-familie se belangstelling in godsdienstige en kerklike aangeleenthede, asook hulle aktiewe betrokkenheid by die Theron-saak, 1771-1781 – ’n saak wat die Drakenstein-gemeente jare lank ontwrig en verdeel het.

Karel Schoeman het nie net die Bosman-egodokumente getranskribeer nie, maar hulle ook geannoteer (vgl. die 442 annotasies in die vorm van voetnote) en ook van uitvoerige inleidings (met 323 bronverwysings) voorsien, waarin die dokumente in hulle historiese en sosiale konteks geplaas en verdere inligting oor die familie verskaf word. Let in hierdie verband byvoorbeeld op die agtergrondgeskiedenis oor "Die familie Bosman van Drakenstein" (p. 13-91) en "Die kerklike en godsdienstige lewe aan die Kaap in die agtiende eeu" (p. 92-109).

Die belangstellende leser sal die bronnelys (p. 369-372) nuttig vind, terwyl die persoonsregister (p. 373-384) en algemene register (p. 385-395) help om die teks vir die ernstige navorser te ontsluit. 'n Kaart en enkele afdrukke van sketse sou die waarde van die boek verder verhoog het.

Karel Schoeman het in die verlede 'n hele reeks bronnepublikasies, die *Vrijstatia*-reeks (oor aspekte van die geskiedenis van die (Oranje-)Vrystaat in die negentiende eeu), die lig laat sien. Nou het hy weereens 'n bundel belangrike bronne in geredigeerde en geannoteerde formaat gepubliseer. *Die Bosmans van Drakenstein* verskaf betekenisvolle inligting oor die omstandighede en godsdienstige lewe in die Drakensteinvallei gedurende die agtiende en eerste deel van die negentiende eeu. Enigiemand wat in Suid-Afrikaanse geskiedenis in die algemeen en meer spesifiek in kultuurgeskiedenis, godsdienstige kwessies en genealogie belangstel, behoort veel uit hierdie publikasie te kan put.

# Suid-Afrika se Grensoorlog, 1966-1989: 'n versameling kontemporêre artikels

**Barnard, Leo, *gasred*.** 2009. **Grensoorlog/Border War 1966-1989. Deel 2.** Bloemfontein: Sun Press. 367 p. Prys: R150,00. ISBN: 0-285-2442.

**Resensent**: G. Bentz
Departement Krygsgeskiedenis,
Universiteit Stellenbosch

Met die intreeslag meld die redakteur dat die Grensoorlog, gemeet teen ander wêreldkonflikte, slegs as 'n reeks skermutselings beskryf sou kon word. Die Suid-Afrikaanse Regering van daardie era se

stilswye oor sy betrokkenheid in die konflik het tereg daartoe bygedra om die toenemend eskalerende militêre aktiwiteite in die suide van Angola van die publiek te weerhou. Individue van oor ’n breë spektrum het deel van hierdie skermutselings gevorm en vir hulle wat opofferings gemaak het, was dit inderdaad ’n era van ’n totale aanslag.

Die afgelope paar jaar het ’n vloedgolf publikasies wat handel oor persoonlike ervarings aan die grens, die lig gesien. Wat hieraan verfrissend is, is die feit dat al hoe meer gewone rolspelers na vore getree het. Suid-Afrikaanse dienspligtiges, insluitend “medics’’, troepies en selfs “parabats” het begin skryf oor wat hulle in die noorde beleef het. Die tydskrif se eerste artikel, “The citizen soldier in the Border War”, is inderdaad ’n logiese beginpunt waar die leser bekend gestel word aan die organisasie en deelname van die burgermageenhede asook die totstandkoming van nasionale diensplig. Met die mannekragprobleem in ’n redelike mate opgelos, kon die SAW aandag skenk aan die ontwikkeling van ’n strategie om die oorlog in sy guns te swaai. Hierdie strategie word deur Jacobs uiteengesit in “The forward defence strategy of the South African Defence Force (SADF) 1978-1989”. Dit is hier waar die leser ervaar hoe die Suid-Afrikaanse regering beplan het om sy gewapende magte aan te wend ten einde die interne situasie te beheer en eksterne vyandiggesinde elemente te destabiliseer. Dit is vanselfsprekend dat konflik van enige aard nie net ’n uitwerking op die fisiese betrokkenes sal bewerkstellig nie, maar ook op die families en geliefdes. Liebenberg en Ferreira se artikel fokus op die impak van die konflik op Suid-Afrika en Angola. Wat hier noemenswaardig is, is dat die artikel meer fokus op die nie-militêre nagevolge van die Grensoorlog, insluitend negatiewe sosiale tendense, ontwrigting van die familiestruktuur, ekologiese impak en die misbruik van natuurlike hulpbronne soos diamante in Angola.

Vir lesers wat meer geïnteresseerd is in die suiwer militêre aspekte van die Grensoorlog, is daar heelwat om van te kies. Barnard se vier artikels oor die Suid-Afrikaanse Lugmag (SALM) behoort genoeg te wees om in menige vliegtuigfundi se behoeftes te voorsien en Lord se kort beskrywing van die SALM se eerste “kill” sedert Korea het die hoendervleisfaktor waarna vegvliegtuigentoesiaste smag.

Römer Heitman en Scholtz verskaf onderskeidelik oorsigte oor die toerusting wat deur die Leër gebruik was en ook die aanwending daarvan ter ondersteuning van die Leër se doktrine. Hierdie twee stukke vorm ’n uitstekende basis waarvandaan die Slag van Cassinga, 4 Mei 1978, in die daaropvolgende twee artikels bestudeer

kan word. Barnard fokus meer op die menslike aspek van die konflik in sy onderhoude met twee voormalige SAW-soldate wat by die Slag van Cassinga betrokke was. Vir liefhebbers van werk oor mobiele oorlogvoering behoort Jordaan se "Role of South African Armour in South West Africa/Namibia and Angola: 1975-1989" 'n uitstekende oorsig the bied van die SAW se pantservermoë. G.J.J. Oosthuizen verpersoonlik die rol wat die pantser gespeel het in die Grensoorlog deur op die Regiment Mooirivier van Potchefstroom te fokus.

Geen publikasie oor die Grensoorlog kan volledig wees sonder om die rol van die Suid-Afrikaanse Vloot (SAV) aan te raak nie. Die tydperk 1966-1989 word omvattend deur Wessels bespreek waarna hy ook op Skout-Admiraal (JG) A. Burgers se herinnerings oor en ervarings in die vloot ten tyde van die Grensoorlog fokus. Die publikasie sluit af, net soos dit begin het, deur op die menslike faktor te fokus. Van Niekerk se "Laaitie tot 'n man – hoe die weermag my van die lewe geleer het", behoort enigiemand wat weermagbasies beleef het met heimweë te vul. Die heel laaste artikel handel oor die betrokkenheid van vroue in 'n era van oorlog. Annette Strauss se weergawe van die rol wat vroue en vroueorganisasies gespeel het ter ondersteuning van die mans op die grens is 'n klinklare bewys dat die konflik nie net deur hardebaard burgermagmanne en jong dienspligtiges geveg is nie.

Hierdie publikasie sal van onskatbare waarde wees vir enigeen wat meer te wete wil kom oor die Grensoorlog, aangesien dit feitlik alle aspekte rakende Suid-Afrikaanse betrokkenheid oor die tydperk 1966-1989 dek. Die lengte van die onderskeie bydraes is gebruikersvriendelik en lesers sal nie deur lang hoofstukke hoef te worstel om inligting te bekom nie. Navorsers en historici behoort ook baat te vind by die versameling artikels, aangesien die betrokke outeurs hulleself reeds bewys het as meesters in hulle onderskeie velde. Die redaksie se keuse van artikels is van hoë gehalte en die uitleg van die publikasie is sinvol en dra by tot 'n uiters genotvolle leeservaring.